

18 April

Sagaria 8:1-2, (Teks: 1:19c)

Waarheid en vrede

Sagaria 7 en 8 vra: Moet vasdae nagekom word soos altyd? Sagaria antwoord: God vra eerder gehoorsaamheid as vasdae (7:1-14). Uit liefde sal God sy volk verlos (8:1-17). Die vasdae sal in feestye verander, maar dan moet die volk "bly by die waarheid en sorg dat daar vrede" is (8:18-23). God laat Juda se rou (vasdae) in vreugde verander. Maar dan moet hulle bly by die waarheid en sorg vir vrede. Onderling moet hulle die waarheid betrag en die goeie vir mekaar soek. By dié vrede moet die volk dink dat hulle nie in vyandskap moet lewe nie. Hulle moet mekaar nie onderdruk en uitbuit nie. In hulle regspraak moet hulle die waarheid soek en na vrede streef. Vonnisse moet die waarheid en vrede dien. Regters moet onkreukbaar in hulle waarheidsuitsprake wees. 'n Valse, uitspraak stig onheil; dit versteur verhoudinge; dit stort mense in die verderf. Wie die waarheid spreek en die reg van sy naaste soek, bewys barmhartigheid en liefde. Wanneer waarheid en die vrede wat daaruit voortvloei oorheers, dan word daar feesgevier. Waarheid en vrede is die twee belangrikste elemente van Christus se lydensweg. Deur aan die **waarheid** vas te hou, kon Christus vir elkeen wat in die waarheid wandel, **vrede** gee (Joh. 14:26). Op grond van valse beskuldigings word Christus veroordeel. Deur haat beland Christus aan die kruis. Daar verwerf Hy ewige vrede vir dié wat glo. Die krip van Betlehem is onlosmaaklik verbind met die kruis van Golgota. So bewerk Christus vrede.

Sing: Psalm 43:3,4

Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)